

10 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-5:3

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1

Wandel in die geloof

Johannes wys in sy brief op drie kenmerke waaraan die lesers hulle kan toets om te bepaal of hulle werklik kinders van God is: geloof, liefde en gehoorsaamheid. Hy het in sy brief reeds hierdie drie kenmerke bespreek. Hy het in 4:16-21 oor geloof geskryf, oor die liefde in 2:6-11 en 3:11-18 en oor gehoorsaamheid in 2:3-6, 2:28-3:10. In hierdie gedeelte wys hy daarop dat hierdie drie nie los van mekaar staan nie. Hulle het 'n gemeenskaplike wortel: die wedergeboorte. Wedergeboorte vind diep in die hart plaas, maar die vrug daarvan kom aan die lig in die lewe van elke dag. Daar is allereers die geloof. Wie opnuut gebore is, begin glo. Nie net vir 'n oomblik nie. Die werkwoord 'glo' staan in 'n tyd wat aandui dat hierdie handeling voortduur: "aanhou glo". Dit word 'n lewenshouding. Daar is 'n nuwe verhouding tot God: geloof, liefde en gehoorsaamheid aan God se geboorte. Deur 'n nuwe geboorte gaan ons glo, ons gaan liefhê en ons gaan dien. Die inhoud van die geloof is dat Jesus die Christus, die Gesalfde van God is en dat Hy die ewige Seun van God is (vs 5). Die dwaalleraars het dit bevraagteken. Daar is dan by hulle ook geen sprake van gemeenskap met God en ervaring van God nie. Wanneer ons na die galery van geloofshelde in Hebreërs 11 kyk, dan sien ons dat geloof sigbaar word in wat die gelowiges doen. Abel offer aan God; Henog wandel met God; Abraham gaan op pad; Moses vlug uit die koninklike paleis. Elkeen het in die geloof sy eie ervaring met God. So is dit nog tot vandag toe.

Sing: Skrifberyming 27:1

Prof L Floor (Emeritus)